

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus Christus ons deel van sy verbondsgenade maak sodat ons die waarde van liefde kan toevoeg aan dit wat God aan ons toevertrou. Dit is die vryheid en vreugde waarmee ons in liefdevolle diensbaarheid saam met Jesus Christus as God met ons met God leef. Hy maak ons reg en onskuldig in sy liefde en diens sodat ons wat Hy aan ons toevertrou se waarde met ons liefde kan vermeerder. Goddeloses skep die skynvroomheid dat hulle vir God terug gee wat God vir hulle gegee het as verskoning om te kan leef met die onderskeid tussen God se goed en eie goed. Christene gee nie vir God goed nie, maar doen vir God goed: hulle vermeerder die waarde van wat God aan hulle toevertrou met diensbare liefde.

Skriflesing Matteus 23: 1 – 4; 25: 14 – 29; 28: 18 – 20.

Teks Matteus 25: 29 Want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar wie nie het nie, van hom sal ook wat hy het, weggeneem word.”

Tema Jesus Christus maak ons dienaars wat waarde toevoeg aan dit wat Hy aan ons toevertrou

1. Daar is twee maniere om te wag op die koms van Christus: die wyse waarop die Joodse geestelikes vir sy koms wag en die wyse waarop ons wie glo dat Jesus die Christus is vir sy wederkoms wag.

Wie op die koms van die wettiese Christus van die Joodse geestelikheid wag, leef anders as gelowiges wie wag vir die wederkoms van Jesus as Christus. Die groot verskil is dat geestelikes wag op die koms van 'n afwesige Christus en ons wag op die wederkoms van Christus wat as God met ons teenwoordig is volgens Mat. 28: 20: “En onthou Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” Christus is as mens nou in die hemel maar as God is Hy, die Christus nou saam met ons.

Hierdie gelykenis van die Here wys ons wie is en wat doen hulle vir Jesus die teenwoordige Christus is en wie is en wat doen hulle wag op 'n Messias wat vandag tot en met sy koms afwesig is.

“Ons is wie die Here Jesus Christus ons vandag laat wees met wat Hy ons gee” is die geloof waarin Jesus Christus se dissipels elke dag leef. Dit is volgens die Here se gelykenis die mense wie het en vir wie nog meer gegee sal word.

“Ek moet werk vir wat myne is, maar God vat net van mense wat hulle vir hulself opbou, soos Hy wil en wanneer Hy wil”, is die geloofsoortuiging waarmee mense wat wag om deur die Messias wat nog weg, elke dag leef.

Jesus Christus maak ons dienaars wat waarde toevoeg aan dit wat Hy aan ons toevertrou

2. Die rede hoekom die slegte arbeider sy werkgewer se geld in die grond gaan begrawe het en niks daarmee gedoen het nie kom uit die God- Christus- en wêreldbeskouing wat ons in Job. 31 vers 8 en Johannes 4 vers 37 kry.

In Job se woorde word dit só gestel: “As ek die spoor sou byster geraak het, my deur begeerte laat lei het en my hande besoedel het, laat ander mense eet wat ek gesaai het of laat my gesaaides uitgeruk word. As ek my deur ’n ander vrou laat verlei het en gretig geloer het na my buurman se deur, laat my vrou dan vir ’n ander man koring maal, laat ander by haar slaap.” Die Here haal in Joh. 4 ’n siniese spreuk uit sy tyd aan met dieselfde strekking: “Die een saai en die ander een maai.”

2. Wie is die Here en Christus van die slegte arbeider?

Die werkgewer wie hy gedink het hy ken klink volgens sy eie woorde só: “Meneer, ek ken U; u is ’n hardvoggige man wat maai waar u nie gesaai het nie en oes waar u nie saad uitgestrooi het nie.”

In gewone taal klink dit só: Self doen u niks nie, maar u eis alles vir u self op!” Wie is só: “Doen self nooit iets nie, maar wil alles wat ander doen vir homself opeis? Dit is ’n luiaard! Dit is ’n baie spesiale soort luiaard! Want hy is so magtig dat hy niks hoef te doen nie, maar die mag en krag het om alles vir homself op te eis, en dan moet mense wat gewerk het vir wat hulle het, onder sy mag en krag buig en vir hom gee wat hulle verdien het.

Met hierdie gelykenis wys die Here dat dit is hoe mense met ’n wettiese geestelikheid die koms van die Messias verwag. Hulle verwag ’n Christus wat so kragtig en magtig is dat hy alles wat ander gedoen het vir homself as sy eie sal kom opeis. Hulle verwag ’n magtige en kragtige luiaard!

Dit is die godsbeeld van Job in die woorde: “Laat ander mense eet wat ek gesaai het”. Hierdie woorde verwoord ’n oorgawe aan God se mag en krag. Die bedoeling is dat omdat ek gesondig het, sal God die vrug van my arbeid vir ander mense gee wat nie gewerk het nie, as straf op my sonde. Oorgawe beteken dat ek aanvaar God gaan dit met my doen wanneer ek sonde doen en ek sal my oorgee aan God se plunder van my handwerk vir ander omdat ek sonde gedoen het.

3. Waar het mense hierdie tipe Christus só leer ken?

By hulle wat op die stoel van Moses sit, volgens die Here se eie woorde in Matteus 23 vers 2. Dit is die Messias wat die skrifgeleerdes en Fariseërs verwag het, en verteenwoordigheid terwyl Hy op pad is om te kom!

Die Christus wat in die wêreld afwesig is, sal wanneer Hy kom, met sy totale mag die wat God se wet oortree het en liefdeloos was, onderwerp aan die mag en

Jesus Christus maak ons dienaars wat waarde toevoeg aan dit wat Hy aan ons toevertrou

oorheersing van hulle wie God volkome gehoorsaam was volgens sy wet. Daarom sal hierdie tipe Christus vat wat mense self opgebou het, voor gewerk het en bymekaar gemaak het en dit aan die gehoorsames gee. Hy sal vat van wie Hy wil en gee aan wie Hy wil volgens sy mag.

Dit is die Messias van die lui arbeider: “Meneer, ek ken U; u is ’n hardvotige man wat maai waar u nie gesaai het nie en oes waar u nie saad uitgestrooi het nie.” In Job se woorde; ““As ek die spoor sou byster geraak het, my deur begeerte laat lei het en my hande besoedel het, laat ander mense eet wat ek gesaai het of laat my gesaaides uitgeruk word.”

4. Met die gelykenis van die muntstukke wys die Here Jesus Christus op die totale kontras tussen wie sy dissipels saam met Hom is tot sy wederkoms en waarmee hulle saam met Hom elke dag besig is teenoor wie geestelikes is wat in die Messias se afwesigheid op Hom wag.

Wie is die Christus op wie die dissipels wag?

Dit is Jesus wat weer as mens aan die voleinding van die wêreld sal verskyn, maar vandag elke dag aan die regterhand van die Vader sit en God met ons is.

Hoe is hy Christus met ons?

Mat. 28: 18 en 20 stel dat Hy alle mag het om God se verbond in ons lewe waar te maak en waar te hou. Hy reken ons ons sondes nooit toe nie, hou ons in sy liefde en genade, verwyder ons verharde harte teen God in sy wet in ons en gee ons ’n hart wat God wil liefhê en dien. Dit doen Christus omdat Hy deur sy lyding, kruisiging, dood en opstanding vir ons instaan onder die oordeel en vloek van God se wet.

Hierdie Christus is God wat sy besittings, sy skepping aan ons toevertrou volgens die bekwaamheid waarmee Hy as Skepper ons elkeen mee geskep het. Die trefwoord is “toevertrou.”

Dit is om waarde toe te voeg aan die besittings van God, om waarde toe te voeg aan die skepping van God in die wyse waarop ons met die skepping besig is. Watter waarde? Om met skuldloosheid lief te hê en jouself in liefde toe te wy aan die diens waarvoor God jou bestem het. Die toewyding in liefde is waardetoevoeging aan dit wat Jesus Christus aan ons toevertrou. Dit is die gawe van die nuwe verbond volgens Eseg. 36: 24 - .

Dit is waarmee die Here se dissipels tot en met sy wederkoms mee besig moet wees: wat toevertrou is, moet volgens bekwaamheid deur toewyding in liefde in waarde vermeerder word.

Jesus Christus maak ons dienaars wat waarde toevoeg aan dit wat Hy aan ons toevertrou

5. Die uitdaging is om in God se diens met toewyding in liefde besig te wees met die risiko om foute te maak in die strewe na hierdie waardevermeerdering.

Dit is met hierdie ondernemings in die lewe tot waardetoevoeging in dit wat God vir my as gawes en talente gegee het, wat die verskil wys tussen die Christus wie die twee deugsame arbeiders verwag en die Christus wie die lui arbeider verwag.

Hulle wie Jesus Christus verwag, leef met die wete dat hulle nooit gestraf en geoordeel sal word vir hul sondes wat hul begaan in hul onderneming om God te dien deur waardetoevoeging in sy gawes nie. Nog meer, hulle leef in die sekerheid dat hulle in die vreugde deel dat hul ondernemings Christus behaag, soos dit gestel word: “Kom in en deel in my vreugde”, bedoelende my vreugde in wie julle vir my is en wat julle vir my doen.

Dit is hierdie sekerheid dat Jesus vir my die veroordeelde en gekruiste Christus is wat kom om my in sy vreugde te laat deel, wat my innerlik sterk om wat Hy aan my toevertrou, in sy diens mee besig te wees om die waarde daarvan te verhoog.

6. Die slegte arbeider se slegheid lê in sy ongeloof dat hy geen foute mag maak nie want dan gaan die Christus al sy pogings en alles wat hy deur sy pogings onderneem het en bereik het, van hom wegneem as straf en dit gee aan hulle wat Hom beter gehoorsaam was.

Uit hierdie ongeloof kom die diepste minagting teen God self: God roof en plunder as luiaard wat mense in hul swakheid en broosheid probeer doen! God verniel alles wat nie volgens sy sin is nie terwyl Hy self niks doen nie.

God is 'n Almagtige luiaard!

Hoe beveilig jy jouself teen só 'n lui God wat vat, maak en breek volgens sy Almagtigheid?

Jy doen niks nie! Dit is tog mos die veiligste! As jy niks doen met die gawes, die geleentheid, die bekwaamhede wat Hy vir jou gegee het nie en dit net vir Hom teruggee, dan kan jy geen foute en oortredings begaan nie.

Die risiko om iets te onderneem en in die onderneming foute te maak, te sondig in die wyse waarop jy probeer om waarde aan alles wat God jou gegee het toe te voeg, is tog van die begin af gedoem en sinloos – as Hy alles by jou gaan wegneem en vir ander gee wat nie foute maak nie!

7. Wat het die slegte arbeider van God verwag?

Eer, erkenning en beloning! Vir wat?

Jesus Christus maak ons dienaars wat waarde toevoeg aan dit wat Hy aan ons toevertrou

Vir iets wat sonder enige verlies terug ontvang is! Hy het van God die eer en erkenning verwag om dit wat God aan Hom toevertrou het terug te gee sonder enige, skade of verlies.

Hy het homself van iemand wat waarde moet toevoeg deur diensbare liefde verander as die bewaker en oppasser van God se goed! Hy het God se goed vir God beveilig om dit vir God terug te besorg!

Wat is die leuen in hierdie selfaanstelling as God se sekuriteitsbeampte wat God se goed beveilig? Dit word duidelik wanneer 'n mens die vraag vra waarmee het hy homself besig gehou terwyl ander besig was om waarde toe te voeg tot alles wat God aan hulle toevertrou het.

Met sy eie goed! En dit is en bly entlik die diepste minagting van hierdie arbeider. Die manier waarop hy kamstig God ken, is net 'n manier om nie besig te wees met wat God aan hom toe vertrou het nie, maar om met sy eie goed besig te wees. Hy het die goed wat God aan hom toevertrou om deur liefdevolle diens in waarde te vermeerder, begrawe sodat hy kan besig wees met sy eie goed, nie God se goed nie.

Dit is hierdie diep minagting van God en sy skepping asof God sy goed het en ons sy ons eie goed het, wat maak dat mense vir God sy goed terug gee met die verwronge oortuiging dat dit beter is om nie foute met God se goed te maak nie as om foute te maak met hierdie God wat homself uit ander se werk bevoordeel.

Hierdie arbeider het verwag dat God hom moes uitlos om met sy eie goed besig te wees met die verskoning dat hy nie met God se goed wil foute maak nie.

8. Die oordeel van die werkgewer gaan oor hoe Christus hierdie valse vroomheid wat eintlik niks anders as goddeloosheid is nie, sal oordeel!

Op die oog af lyk dit asof die slegte arbeider gelyk gegee word: omdat hy geweet het sy werkgewer oes waar hy nie gesaai het nie en pluk waar hy nie geplant het nie, moes hy sy geld belê het en nie begrawe het nie. Dit is egter totaal ironies bedoel om te wys dat hy sy werkgewer glad nie ken of eer nie.

Sonder risiko kon hy die geld belê het en dit nie foutloos terug gegee het nie, maar met waardetoevoeging! En dit is die punt! Dit gaan nie om terug te kry in wat jy belê nie. Dit gaan om waardevermeerdering te kry in wat jy belê.

Die arbeider se nutteloosheid en slegtheid is hiermee ontmasker! Hy wou glad nie waardetoevoeg nie, nie omdat hy sogenaamd bang was vir 'n hardvoggige werkgewer nie. Hy wou nie met liefde besig wees teenoor 'n liefdelose God nie. Hy

Jesus Christus maak ons dienaars wat waarde toevoeg aan dit wat Hy aan ons toevertrou

wou nie besig wees met dit wat toevertrou is nie, omdat hy met sy eie goed besig wou wees! Hy het wat aan hom toevertrou is geminag en wou daarvoor geëer en beloon word.

Dit is die totale misgissing – as arbeider is alles wat hy het aan hom toe vertrou, en het hy niks van sy eie nie. Hy moet waarde toevoeg aan wat aan hom toevertrou is. Sy beeld van verskrikking en vrees van 'n magtige lui werkgewer is net die teenoorgestelde – hy is die eiemagtige lui arbeider wat maak asof hy wat toevertrou is oppas terwyl hy met sy eie goed besig is.

Die ironie dat God dan sy gewaande “eiegoed” vat en aan die dienaar gee wat die waarde toegevoeg het in dit wat aan hom toevertrou is, bewys nie die slegte arbeider reg oor God se lui hardvogtigheid nie. God beskerm uit sorgsaamheid en liefde sy skepping teen die waardevermindering van alles wat God gemaak het deur hulle eiegeregtigheid om te onderskei tussen hulle en God se goed. Alles wat hulle het, is deur god aan hulle toevertrou. Deur “eiegoed” te onderskei van God se “goed” verminder hulle die waarde van wat God aan hulle toevertrou.

Daarom sal God dit by hulle wegneem, nie omdat Hy hardvogtig, en eiegeregtig is nie, maar omdat dit juis is wie en wat hulle teenoor God is met die verskoning dit is hoe hulle God ken.

9. Dit is die verskil tussen ons wat die Here Jesus as Christus vertrou en hulle wat die geestelikes van hierdie wêreld is.

Ons ken Jesus as die Here wat alles wie ons is en wat ons het, aan ons toevertrou het in sy diens. Die Here Jesus is God met ons, ons Skepper. Hy het Homself gegee sodat ons vreesloos, onbevange en met vreugde besig kan wees met die bekwaamheid wat die Here ons gegee het om diensbaar in sy skepping te wees. Besig om deur liefde aan God en ons naaste aan ons kultuurhandelinge waarde toe te voeg - vir God.

Dit gee ook aan die wet van God 'n totaal nuwe betekenis in ons lewe – dit is die wet van die Skepper – Gees. Dit is nie die wet van 'n God wat maak en breek soos Hy wil en vat en gee as straf en oordeel nie. Sy wet wys ons hoe ons waarde toevoeg aan alles wat Hy aan ons toevertrou het – deur Hom en ons naaste lief te hê.

Dit is die vryheid waartoe ons geroep is! Om in alles wie ons is en wat ons God, liefdevol te dien. Want ons en wat ons het behoort aan God deur Christus.

Wie vir Christus wat weg en afwesig is en kom om te vat en uit te deel soos Hy wil, behoort aan homself. Dan leef jy vir jou eie goed en bewaar God se goed om vir Hom terug te gee.

Jesus Christus maak ons dienaars wat waarde toevoeg aan dit wat Hy aan ons toevertrou

10. Die moderne Christelikheid is die geestelikheid van hierdie goddeloosheid: ek is met my eie goed besig en bewaar God se goed om vir Hom terug te gee.

Kom ons toets dit met hierdie goddelose vroomheid wat elke dag oor ons uitgestort word!

➤ Jy moet jou hart vir God gee!

Daar is nêrens so eis in die Woord van God nie. Ons moet God en ons naaste met ons hart liefhê en Christus gee ons 'n nuwe hart wat God vreesloos kan liefhê omdat Hy alle straf en oordeel van ons sonde gedra het.

Hy vertrou ons hart aan ons toe om met hierdie bekwaamheid waarde aan ons en ons medemens se lewens sal toevoeg – ons gee aan alles waarmee ons besig is met hierdie hart die waardevermeerdering dat ons met liefde besig is!

Dit is hoe ons vrymoedig die Here dien en die waarde van die lewe vermeerder! Ons kan vreesloos lief hê want Jesus Christus het die oordeel en straf oor alle sondes weggeneem

Wat doen jy wanneer jy die volgende doen: “Ek het my hart vir die Here gegee!” Jy gee vir God terug wat Hy aan jou toevertrou het. En dit is met dieselfde gesindheid as die slegte slaaf: hier is jou hart terug want as ek dit gebruik gaan ek sondig en dan gaan jy al my pogings en ondernemings om lief te hê van my wegvat. Hier is jou hart terug – ek het dit vir jou bewaar en opgepas, en nooit gebruik nie.

Waarmee is jy dan besig as jy jou hart vir God gegee het? Jou eie hartelose lewe wat aan jouself behoort! En dan wil hulle wat hulle harte vir God gee, deur God daarvoor erkenning en belonings ontvang! Hoekom? Omdat jy jou hart vir 'n hartlose God gegee het, sodat jy met jou eie hartelose lewe besig kan wees!

Om jou hart vir God te gee, is om wat Hy vir jou gee om die lewe se waarde met liefde te vermeerder, vir God terug te gee, omdat jy nie met sy goed besig wil wees nie.

➤ Ek het my lewe vir God gegee!

Daar is nêrens so 'n eis in die Woord van God nie. God gee aan ons ons lewe sodat ons die waarde van hierdie lewe deur liefdesdiens en toewyding sal vermeerder. Christus se lyding en sterwe maak dat ons vreesloos ons lewe vir God en ons naaste kan leef in toewyding.

Die lewe wat God ons gee, is die bekwaamheid waarmee Hy ons toevertrou om waarde toe te voeg tot die lewe!

Jesus Christus maak ons dienaars wat waarde toevoeg aan dit wat Hy aan ons toevertrou

Deur jou lewe vir God te gee, doen jy wat die slegte arbeider vir God gedoen het. Omdat ek glo God gaan alles wat ek met my lewe probeer doen het, wegvat en aan ander uitdeel, gee ek dit vir hom eerder terug. Dan maak ek nie foute waarvoor hy my goed gaan vat uit my lewe uit nie.

Die diepste drif in hierdie vroomheid is om aan Hom sy lewe terug te gee, sodat ek met my eie lewe kan besig wees! 'n Lewe wat ek nie in liefdevolle toewyding diensbaar is nie, maar vir myself en my eie kan leef.

Die lewe wat God gee, sal ek vir Hom teruggee sodat ek met my eie lewe kan besig wees.

- Ek het my kinders, my vrou, my land, my kultuur my taal en besigheid aan God gegee!

Dit word as die hoogste vorm van vroomheid opgehemel deur die geestelikes van vandag! Die geestelikes wat op die troon van Moses sit omdat die Christus weg is en nog moet kom!

Die siekste vorm van liefdelose ouerskap is vandag om na God 'n kind aan jou toevertrou het, die kind aan die Here terug te gee en dit dan kinderwyding te noem. God vertrou 'n kind en 'n kind se lewe aan jou toe om deur jou ouerliefde die waarde van hierdie kind elke dag te vermeerder sodat hierdie kind eendag met toegevoegde waarde God kan dien en liefhê.

Maar die geestelikes van vandag maak seremonies op sodat jy jou kind aan God kan gee! Daarmee maak jy wat god aan jou toevertrou sy verantwoordelikheid! Hy moet nou hierdie kind oppas en groot kry.

Hoekom?

Sodat ek met my eie lewe kan voortgaan en nie vir die res van my lewe vir hierdie kind moet leef nie! God kan sy eie goed kry en oppas sodat ek met my eie goed kan besig wees!

En dit doen ons met alles wat God aan ons toevertrou: eggenotes, besighede, land, kultuur en taal.

11. Slegte dienaars wat eer en dank van God verag vir alles wat hulle net terug gee en waaraan hulle geen waarde toevoeg deur liefde nie!

Gelowiges is nie besig om vir God sy goed terug te gee nie! Gelowiges is altyd besig om vir God iets te doen!

Jesus Christus maak ons dienaars wat waarde toevoeg aan dit wat Hy aan ons toevertrou

Deur vreeslose liefde en diensbare liefde verhoog ons alles wat God aan ons toevertrou se waarde! Dit doen ons vir God! Want ons behoort aan God en alles wat ons kan doen, is wat ons uit sy hand as gawes ontvang waarmee Hy ons vertrou!

Goddeloses is altyd met die vroomheid besig om vir God sy goed terug te gee – nie uit die gewaande vrees dat Hy vat en gee soos Hy wil nie, maar uit die slegtheid dat hulle aan hulle self behoort en met hul eie lewe wil besig wees.

Christus wat God met ons is wie ons as mens weer verwag, laat ons vir God leef en besig wees om vir Hom alles te doen. Ons sal aan alles wat Hy vir ons gee die waarde toevoeg van liefdevolle diensbaarheid.

Kom ons erken en verwerp die goddelose vroomheid van hulle wat God minag – as 'n lui en onregverdige God en alles altyd net vir God wil terug gee.